STILBAAI
BUSINESS CHAMBER | SAKEKAMER
www.stilbaaibusiness.co.za
admin@stilbaaibusiness.co.za
admin@stilbaaisakekamer.co.za
Po Box 707, Stilbaai, 6674

# *KONSEP NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 20 JUNIE 2019 OM 18H00 TE STILBAAI GHOLFKLUB*

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter, Rean Pretorius, open die vergadering en verwelkom allmal teenwoordig.
Hy noem dat daar nie voldoende lede van die sakekamer die algemene vergadering wat gehou was op 30 Mei bygewoon het om 'n kworum te vorm, aldus vannaand se vergadering.

## 2. GEBED

Dries de Beer doen 'n gebed.

## 3. TEENWOORDIGHEID, VERSKONINGS EN KONSTITUSIE

Verskonings is ontvang van Johannes van Zyl, Johan Kok en Tertius Haak.

Rean stel vergadering in kennis dat daar 44 volmagte van lede ontvang is en is die vergadering dus wettig in terme van die grondwet.

### NOTULE VAN VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING 14 Maart 2017

Die besluit op die vergadering van 30 Mei om die vorige jaar se notule as korrek te aanvaar word deur Richards Webb voorgestel en deur Marthinus Strydom gesekondeer.

## 4. VASSTELLING VAN AGENDA

Geen addisionele besprekingspunte word bygevoeg nie en die agenda word afgesluit.

## 5. VOORSITTERSVERSLAG

Die Voorsitter, Mnr Rean Pretorius noem dat daar nie enige waarde in is om die hoogtepunte wat uitgelig is op die vorige vergadering, weereens aan te bied nie. Hy noem verder dat die volledige verslag beskikbaar is op die sakekamer webwerf (by www. stilbaaibusiness.co.za) en admin stelsel by dokumentasie.

## 6. FINANSIELE VERSLAG

Die Onder Voorsitter, Rachel Wall, bied die finansiële state aan wat 'n 3 jaarvergelyking insluit en lig die volgende uit:

- Die grootste bron van inkomste is afkomstig van ledegeld en fooie vir advertensieborde.
- Afname van 8% (R3 150) in ledegeld is uitsluitlik as gevolg van laat betalings. Die groei vanaf 2017 is 23% (R6 525)
- Fooi inkomste vir advertensieborde toon ‘n groei van 3%.
- Die tekort vir die jaar is -R19 554 teenoor ‘n suprplus van R11 097 in 2018 en R34 686 in 2017.
- Die volgende is die uitgawes van projekte wat aangepak was die afgelope jaar:
    - Prestige Toekennings proses is in 2018 afgeskop en die totale koste vir die gala-aand wat pryse vir wenners insluit, was R41 014 (R15 524 betaal in 2017/18 finansiele jaar en R25 490 in 2018/19);
    - Koste vir Netwerkfunksies was R4 080;
    - Opknapping van die ingang by die munisipale kantore was R8 960;
    - Opgraderings aan die sekuriteits kamerastelsel vir die Stilbaai dorp het R22 490 beloop;
    - Onderhoud op die Stilbaai bootjie by die N2 afdraai het R3 390 gekos
- Indien 2019 se finansies vergelyk word met 2017 toe ‘n wins van R34 686 gemaak is, dui dit aan dat daar nie veel projekte aangepak was nie en ‘n groot bedrag (R30 000) vir donansies aan buite instansies gemaak is. Bestuur is van mening dat fondse effektief benut moet word tot voordeel van lede en is die strategie dus om projekte wat tot voordeel van lede (besighede) is aan te pak.
- Opbetaalde lede op 28 Februarie, 2019 was 117.

## 7. NUWE SAKE

Geen nuwe sake is bespreek nie.

## 8. VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

Rean Pretorius neem die verkiesing waar.

Die relevante klousule in die SSK Grondwet word aan die vergadering voorgelees.

Die volgende dienende bestuurslede is beskikbaar om aan te bly vir 2019/20:

- Rean Pretorius, Willie Delport en Rachel Wall

Die volgende lede word voorgestel as bykomende bestuurslede:

- Tertius Haak, Richard Webb, Anel Bezuidenhout en Irvin Steenkamp as Melkhoutfontein verteenwoordiger

Jim Mahoney word as bestuurslid voorgestel deur Marthinus Strydom en deur Marius van Tonder(Jagersbosch Gemeenskapsentrum) gesekondeer.

Richard Webb vra lede wat hul verwagtinge is van die sakekamer. Volgens Marthinus Strydom verwag hy dat bestuur aandag gee aan opleiding en meer spesifiek kliente diens, personeelbestuur, bemarking en verkope sowel as kommunikasie.

Dries de Beer beklemtoon deelname van ander organisasies by Sakekamer projekte

## 9. AFSLUITING

Rachel bedank Rean Pretorius vir sy volgehoue toewyding gedurende die jaar. Sy noem dat ten spyte van die hoë omset van bestuur en die feit dat sy self nie beskikbaar was vir ses maande, is ‘n hele paar groot projekte suksesvol afgehandel as gevolg van Rean se passie om die sakegemeenskap te dien.

Die Voorsitter bedank almal teenwoordig vir hul bywoning en verklaar die vergadering as afgeluit

Voorsitter: Sekretaris:

Datum